

Is jy?

- Bereid om enigiemand te help?
- Oor die algemeen gesond en volg jy 'n gesonde lewenstyl?
- Tussen 18 en 45 jaar oud?
- Oor 50 kg met 'n LMI <40?

Indien wel, kan jy dit oorweeg om 'n bloedstamselskenker te word! Jy kan vir baie mense hoop gee wat aan lewensgevaarlike bloedsiektes ly.

Jy het die mag om 'n lewe te red

Wil jy by die SABMR\* aansluit?

\*South African Bone Marrow Registry



Duisende Suid-Afrikaners word elke jaar met leukemie en ander lewensgevaarlike bloedsiektes gediagnoseer. Vir baie is die enigste hoop op oorlewing 'n bloedstamseloortplanting.

## DIE MAG OM LEWENS TE RED, KAN IN JOU GENE WEES ...


Nadat bloedtoetse eers gedoen is, word jou besonderhede in die SABMR se sentrale databasis gestoor. Hierdie databasis word elke keer deursoek om 'n skenker te vind. As jy 'n geskikte skenker vir iemand is, sal 'n onafhanklike dokter 'n volledige ondersoek van jou doen om te kyk of jy stamselle kan skenk.

'n Bloedstamseloortplanting is 'n prosedure om beenmurg wat beskadig of vernietig is met gesonde beenmurgbloedstamselle te vervang.

### AS JY 'N GESKIKTE SKENKER IS...

'n Reeks G-CSF-inspuitings vir vyf dae voor die skenkingsprosedure toegedien word. Dit sal die produksie en vrystelling van die stamselle in jou bloedstroom verhoog.

**Wat is die G-CSF-hormoon?** G-CSF is die groeihormoon wat natuurlik voorkom en gebruik word om die aantal sirkulerende stamselle in die perifere bloed te verhoog. **Is daar enige risiko's verbonde aan die G-CSF-hormoon?** Behalwe vir simptome wat met 'n ligte griep ooreenstem, is geen nuwe-effekte geïdentifiseer nie.



Die houër met stamselle sal na die pasiënt gaan sodat hul 'n lewensreddende bloedstamseloortplanting kan kry.

*Let wel: Die skenking van bloedstamselle is volgens wet vrywillig en sonder vergoeding. Jy sal egter vergoed word vir redelike uitgawes wat aangegaan is, indien jy 'n geskikte skenker vir 'n pasiënt is.*



Skakel ons tolvry **0800 12 10 82**  
Vir meer inligting besoek [www.sunflowerfund.org.za](http://www.sunflowerfund.org.za)



The Sunflower Fund  
Hope begins with you

## 'n Doeltreffende, etnies diverse register van gesonde, toegewyde skenkers.

**Wie betaal vir die toets?** The Sunflower Fund dek die koste van R2 500 vir alle weefseltiperings- en verwelkom donasies om tot die koste van hierdie toets by te dra. Dit stel ons in staat om ons fondse te gebruik om meer skenkers te werf. Skenkers tussen die ouderdom van 46 en 50 jaar kan by die SABMR aansluit, maar The Sunflower Fund sal ongelukkig nie die koste van die toets kan borg nie.

**Waarom is jou rassegroep belangrik?** Gepaste skenkings hang af van weefselteipes, nie bloedgroepe nie, en hierdie oorgeërfde genetiese eienskappe kom meer dikwels in 'n spesifieke rassegroep voor. Dit is dus belangrik dat mense van alle rassegroepe as skenkers registreer sodat alle pasiënte 'n kans staan om 'n lewensreddende geskikte skenker te vind.

**Wil jy vir iemand spesifiek registreer?** Dit is baie natuurlik om familie of vriende te wil help wat 'n bloedstamseloorplanting benodig. Maar dit is belangrik dat skenkers wat op die SABMR registreer, besef dat hulle beskikbaar moet wees vir enige persoon en nie spesifiek vir een persoon kan registreer nie. Daar is so baie pasiënte wat hierdie prosedure benodig. Kom ons gun almal 'n kans om hul lewensreddende skenker te vind.

## Vir jou veiligheid

**DIE SKENKER EN DIE PASIËNT SE VEILIGHEID IS ONS PRIORITEIT. ONS KAN JOU NIE REGISTREER NIE, INDIEN:**

- Jy blootgestel is aan hepatitis B, hepatitis C of MIV deur middel van kontak met familieledes/vriende of jou werk
- Jy jouself (selfs net een keer) met onwettige of nievoorgeskrewe middels ingespuut het
- Jy 'n seksueel onveilige lewenstyl volg
- Jy gereeld tatoeëring laat doen of lyfjuwele laat insit
- Jy swanger is of die afgelope jaar 'n baba gehad het
- Jy kanker gehad het
- Jy 'n vrees vir naalde het



**Wat's volgende?**

**Skakel ons oproepsentrum by 0800 12 10 82 of +27 21 701 0661 om as 'n bloedstamselskenker te registreer**



The Sunflower Fund beywer hul vir bewusmaking oor die behoefte aan bloedstamselskenkers en bied inligting oor hoe om as 'n skenker te registreer. Ons samel fondse in om die koste van weefseltipering te dek vir die registrasie van skenkers op die South African Bone Marrow Registry (SABMR). The Sunflower Fund is ook aktief betrokke by die skep van 'n platform vir steundienste om pasiënte, hul families en gemeenskappe by te staan.

## Kom ons vernietig daardie mites

**Mite #1 Die skenking van bloedstamselle is pynlik.** Dit behels baie min pyn om stamselle deur middel van bloed te skenk. Dit is amper dieselfde as om bloedplaatjies te skenk.

**Mite #2 Jy sal 'n operasie moet ondergaan as jy 'n skenker is.** Daar sal hoegenaamd geen operasie uitgevoer word nie. 'n Selskeidingsmasjien onttrek die stamselle uit jou bloed.

**Mite #3 Hulle gaan gate in my bene boor!** Die lewensreddende beenmurgstamselle kom in jou bloedstroom voor. 'n Selskeidingsmasjien onttrek die stamselle uit jou bloed.

**Mite #4 Ek kan dit nie bekostig om 'n bloedstamselskenker te word nie.** Ons vra dat potensiële skenkers dit oorweeg om tot die koste van die toets by te dra, maar as jy nie kan nie, sal The Sunflower Fund alle toetskoste dek.

**Mite #5 Jy kan nie 'n skenker word as jy 'n tatoeëermerk het nie.** Jy kan wel 'n bloedstamselskenker word indien jy tatoeëermerke of lyfjuwele het. Maar jy moet daarna 'n jaar wag voor jy 'n skenking kan doen.

**Mite #6 Gepaste skenkings hang af van jou bloedgroep.** Gepaste bloedstamselskenkings hang af van weefseltipes, nie bloedgroepe nie. Dit is oorgeërfde genetiese eienskappe en is dikwels uniek tot 'n spesifieke rassegroep.

**Mite #7 Ek kan nie 'n skenker word nie weens my seksuele oriëntering.** Skenkers wat veilige seks beoefen, word aangemoedig om by die register aan te sluit, ongeag hul seksuele oriëntering.

**Indien jy nie 'n skenker kan wees nie, is daar ander maniere om te help.**

- Moedig ander mense aan om te registreer
- Skenk geld
- Skenk jou tyd

Jou donasies help ons om ander mense te werf wat by die register wil aansluit. **Skenk nou!**

**Direkte bankdeposito**

The Sunflower Fund  
ABSA Bank  
Rekeningnommer: 405 183 4719  
Tak: 632005  
Verwysing: Tissue Typing



SnapScan



Zapper

**E-pos:** [donors@sunflowerfund.org.za](mailto:donors@sunflowerfund.org.za)

Skakel ons tolvry **0800 12 10 82**  
Vir meer inligting besoek [www.sunflowerfund.org.za](http://www.sunflowerfund.org.za)



The Sunflower Fund  
Hope begins with you